

E. Delport

## Taalhandelingsdeterminante in koerantkoppe

### *ABSTRACT*

The newspaper headline presents itself as a linguistic axis in the communicative interaction between the speaker (the writer of the headline) and the hearer (the reader thereof) against the background of the speech act theory. As such, the meaning of the headline is determined by certain variables, i.a. syntactic and contextual variables, and its inherent communicative components.

The universal and multidimensional reality, including the rich context of man, entity and event, features as the source of information on which the newspaper headline reports.

Knowledge of the speech act theory can empower the subeditor with a means of inference regarding the intention with and discourse strategies of the newspaper headline, ensuring maximal cognition and perlocution by the reader.

In short: by using the speech act apparatus analytically, the headline writer can rest assured that he informs the reader optimally; that he, though it be journalistically unethical, can even manipulate him.

---

*Elriena Delport is 'n oudhoërskoolonderwyser in Afrikaans (Eerste en Tweede Taal) en tans 'n voltydse Magisterstudent in Kognitiewe Linguistiek en Pragmatiek aan die Departement van Afrikaans, RAU.*

## INLEIDING

In die alledaagse lewe van die ingeligte Jan Straat speel die algemene nuusblad 'n beduidende rol - dit is dikwels deur middel van hierdie kommunikasiemedium dat die insidente, gebeure en nuus uit die steeds veranderende multidimensionele werklikheid waarbinne hy hom bevind, talig aan hom gekommunikeer word.

Die versnelde tempo waarteen hy leef, noop egter dikwels Jan Alleman om sy nuusblad lees te reduseer tot 'headline skimming' (vergelyk Gilmore & Root, 1971:41). Vandaar die primêre belangrikheid van koppe in enige nuusblad.

In hierdie bespreking sal daar na die gebruik van koerantkoppe in enkele Afrikaanse nuusblaaië gekyk word; meer bepaald na die kop as taaluiting, en hoe die betekenis daarvan "uiteindelik 'n funksie van die volledige grammatiese beskrywing van die sin wat daardie uiting onderlê plus die inligting oor die konteks waarin die uiting gebruik word plus die algemene pragmatiese beginsels wat verbale kommunikasie reël" (De Stadler, 1989:389) is.

Daar sal dus primêr vanuit 'n semanties-pragmatiese invalshoek na die voorbeeldkorpus gekyk word, aangesien koerantberiggewing oor die mens en ander entiteite in hul multidimensionele kontekstuele werklikheid handel. Hierdie feit sal uiteraard die taalhandeling in die besondere taalaktiwiteit van kopskryf beïnvloed, sodat daar 'n spesifieke tipe diskoers, met sy eie konvensies, bepaal deur spesifieke betekenis-determinante, tot stand sal kom. Die skryf van koerantberigte en, in besonder, koppe van berigte, is dus geheel en al 'n taalaktiwiteit. In dié taalhandelingsproses speel onder andere konteks 'n belangrike rol omdat elke tipe diskoers binne 'n bepaalde konteks plaasvind en die seleksie van taaluitings dus daardeur bepaal word (Botha, 1995:68). Die taalaktiwiteit in die skryf van koppe vereis dus 'n spesifieke tipe taalgebruik - taal-in-konteks: Crystal (1987:388) noem dié besondere diskoers 'n "genre of newspaper ... writing".

Die totstandkoming, vorm en inhoud van koppe moet dus pragmaties benader word: teen die agtergrond van die taalhandelingsteorie moet daar probeer bepaal word watter taalhandelingsmeganismes op die terrein van kopskryfery getransponeer word en watter taalhandelingsdeterminante 'n rol speel by die skryf van koppe.

Die taalhandelingsteorie kan, selfs waar daar aanhoudend teen spertye (op sigself 'n eksterne determinant) gewedwyer word, vir die geoefende en goed onderlegde kopskrywer 'n objektiewe meetinstrument wees. Daarmee kan hy die doeltreffendheid van sy koppe (hul intensie, struktuur en bedoeling) voor sakyd toets ten einde bepaalde insigte by die aangesprokene te rig en te verifieer.

In 'n tyd waarin sirkulasiesyfers die nuusblad se voortbestaan waarborg, is dit die suksesvolle kop wat die nuusblad verkoop. Dit lyk dus hoog tyd dat die kop as taaluiting en dit wat sy betekenis determineer, van naderby bekyk word.

Die bestek van hierdie artikel laat ongelukkig nie toe dat die sintaktiese strukturering van die kop bespreek word nie. Tog is die sintaktiese oppervlakstruktuur van die kop 'n belangrike betekenisdeterminant daarvan. Botha (1995:68) onderskryf hierdie standpunt wanneer sy sê daar is "(k)omponente wat direk met betekenis te doen het en antwoorde gee op die vraag na betekenis, ... die semantiese en pragmatiese komponente, met die sintaktiese komponent wat die strukture spesifiseer waarin die betekenis oorgedra word".

## OPVALLENDE KOPPE

Vir eers is dit nodig om enkele opvallende koppe uit twee bekende nuusblaaie te beskou. Ondergenoemde voorbeelde (en voorbeelde deurgaans) is geneem uit die dagblad *Beeld* en *Rapport* ('n weekblad) vanaf Februarie tot September 1996:

## VOORBEELDE

- (1) "Dis nou bos toe met dié stadsjap(p)ie" (*Beeld*, 20/6/96)
- (2) "Daardie BeeEm is 'n fout" (*Beeld*, 20/6/96)
- (3) "Maxima(le) aanslag" (Motorbylae tot *Beeld*, 14/4/96)
- (4) "Vat-vrate teister jong SA modelle oorsee" (*Rapport*, 23/6/96)
- (5) "Dansdwehm Ecstasy neem toe in stede" (*Beeld*, 22/6/96)
- (6) "Die laat-maar-loop-houding verstom" (*Beeld*, 6/6/96)
- (7) "Dié huis van hulle kort nét 'n swembad" (*Rapport*, 12/2/96)
- (8) "Winnie veg voort" (*Beeld*, 21/3/96)
- (9) "Mandela vs. Mandela" (*Beeld*, 19/3/96)
- (10) "Fopdosser is 'n blosnuwe neologisme" (*Beeld*, 24/6/96)
- (11) "Rokkies wou hy dra - met wit bloes en kantbra" (*Rapport*, 23/6/96)
- (12) "Vinnige Fanie se spruit ontkom ná hy miergif sluk" (*Beeld*, datum onbekend)
- (13) "Baba uit baarmoeder gesteel" (*Rapport*, 17/3/96)
- (14) "Vrou steel baba uit vermoorde vriendin" (*Beeld*, 18/3/96)
- (15) "Triskal wil speel en Tiekie hét" (*Beeld*, datum onbekend)
- (16) "Die sinistere staatsgetuie" (*Rapport*, 17/3/96)
- (17) "Die kerk en WVK" (*Beeld*, 12/4/96)
- (18) "Baba byna vermoor, fietsie gevat: 6-jarige nie vervolgt" (*Beeld*, 24/6/96)
- (19) "Nelson vs. Winnie: die einde" (*Beeld*, 20/3/96)
- (20) "Macmillan het ook dié 'winde' in sy eie huwelik gevoel" (*Rapport*, 24/3/96)
- (21) "Welpies moet brul terugsit in die Leeus" (*Beeld*, 13/3/96)

- (22) "Koningin kla oor Di sokkerster só 'soen'" (*Beeld*, 10/4/96)  
 (23) "Miljoenêrs uit onderwys" (*Beeld*, 2/7/96)

### WAAROM OPVALLEND?

Bogemelde voorbeelde is maar enkeles wat oor eersgenoemde tydperk uit *Beeld* en *Rapport* geneem is. Basies is hulle opvallend om een of 'n kombinasie van onder andere die volgende redes: 'n spel met klanke (selfs alliterasie en assonansie) (1, 2, 8, 10, 16), nuwe samestellings en neologismes (3, 4, 5, 6, 10), besondere sinsamestelling en sins-tipe (7, 13, 14, 15, 18), woordspel (22), metaforiese woordgebruik (21), meerduidigheid, betekenisgewing deur konteks (9, 12, 17, 19, 20, 23), tipografiese beperking, buitengewone morfeemgebruik (2, 3) en buiging van die idioom (11).

Koppe (ook die genoemdes) sou dus op grond van verskillende linguistiese oorwegings en invalshoeke - fonologies, morfologies, sintakties, semanties en pragmaties - gekategoriseer kon word. In hierdie artikel kom die semanties-pragmatiese egter aan bod, byvoorbeeld die semantiese in die volgende voorbeelde:

- (11) Rokkies wou hy dra - met wit bloes en kantbra (*Rapport*, 23/6/96)  
 (21) Welpies moet brul terugsit in die Leeus (*Beeld*, 13/3/96)  
 (22) Koningin kla oor Di sokkerster so 'soen' (*Beeld*, 10/4/96)


en die pragmatiese, dikwels ingebed in van die opvallendste koppe:

- (9) Mandela vs. Mandela (*Beeld*, 19/3/96)  
 (12) Vinnige Fanie se spruit ontkom na hy miergif sluk (*Beeld*, datum onbekend)  
 (19) Nelson vs. Winnie: die einde (*Beeld*, 20/3/96)  
 (20) Macmillan het ook dié winde in sy eie huwelik gevoel (*Rapport*, 24/3/96)  
 (17) Die kerk en WVK (*Beeld*, 12/4/96)  
 (23) Miljoenêrs uit onderwys (*Beeld*, 2/7/96).

### DIE TAALUITING IN DIE KOMMUNIKASIEPROSES

Die komponente van die taaluiting in die kommunikasieproses kom ooreen met die eenvoudige kommunikasie-model van De Klerk (1981:3), waarin daar "n verhouding tussen sender, boodskap en ontvanger" (Botha, 1995:66) geïmpliseer word. Botha (1996:3) brei só op De Klerk se model uit:


**FIGUUR 1**  
'N EENVOUDIGE KOMMUNIKASIEMODEL



Uit bogenoemde model blyk dit dat die sender (spreker/skrywer) uit 'n bepaalde informasiebron 'n sekere boodskap/sein deur 'n geskikte kanaal/medium, byvoorbeeld spraak of skrif, enkodeer na die ontvanger (aangesprokene) wat die boodskap/sein dekodeer. Volgens Botha (1995:66) is "die geënkodeerde boodskap ... die sein wat onderhewig is aan distorsie (wat) die waarneembaarheid of verstaanbaarheid van die oorspronklike boodskap wat versend is (kan) beïnvloed". Laasgenoemde opmerking is uit die aard van die saak baie belangrik in die geval van die koerantkop, aangesien die kop die boodskap baie vinnig tussen die sender en aangesprokene wil kommunikeer, maar ook moontlik onderwerp is aan doelbewuste of toevallige distorsie.

Indien bogenoemde model semanties-pragmaties in terme van die taalhandelingsteorie weergegee word, sal geskied kan word dat die taalkommunikasieproses "'n spreker, 'n taaluiting en 'n aangesprokene" (Botha, 1991:25) veronderstel. Dit kom kortliks daarop neer dat die bepaalde intensie van die spreker die bedoeling van die taaluiting rig deur middel van bepaalde taalgebruik en gesprekstategie(ë). Só kom 'n spesifieke taalhandeling (illokusie) tot stand teen die agtergrond van 'n pragmatiese konteks en is dit gerig op die aangesprokene, op wie dit 'n sekere uitwerking (perlokusie) het.

Wanneer 'n kop as taaluiting in die kommunikasieproses op die model in figuur 1 toegepas word, behoort dit só te lyk:

**FIGUUR 2****DIE KOP AS TAALUITING IN DIE KOMMUNIKASIEPROSES**

Die algemene pragmatiese doelwit van die kop as taaluiting in die kommunikasieproses sal wees om die essensie van die boodskap verstaanbaar, vinnig, feitlik, kernagtig en effektief van die spreker (kopskrywer) na die aangesprokene (kopleser) oor te dra.

Gilmore & Root (1971 : 41) identifiseer vier doelwitte, wat uit die aard van die saak saamhang met die intensie van die spreker (kopskrywer) en sodoende sy taalgebruik en gesprekstrategieë binne 'n pragmatiese konteks sal rig en 'n duidelike invloed op die oppervlak- of grammatikale struktuur van die taaluiting sal hê:

“Rapid summary” waardeur die sogenaamde “headline skimmer” 'n oorsig oor die nuusgebeure kry;

“Billboard function” waardeur een spesifieke koerant eerder as 'n ander een aan die breë publiek verkoop word, maar ook waardeur die aangesprokene (kopleser) geprikkel word om 'n spesifieke storie verder as die kop te lees. In hierdie opsig lê genoemde outeurs daarop klem dat

“(p)hilosophically, the primary function of the free press in a democracy is not to make money but to inform citizens”;

“Grading or evaluating the news”;

“To stimulate the reader's artistic sense”

deurdat grafiese bekwaamheid 'n belangrike rol in die aanbieding van koppe speel.

Die kop as taaluiting het dus duidelik omskrewe funksies of doelwitte, wat 'n direkte

invloed op die sintaktiese struktuur daarvan het en veroorsaak dat laasgenoemde noodwendig optree as betekenisdeterminant.

## SINTAKSIS AS BETEKENISDETERMINANT

Daar sou 'n volledige artikel oor die verskeidenheid sintaktiese strukture waarbinne die kop in die Afrikaanse nuusblad presenteer, geskryf kon word, asook oor die gevolglike manifestering van die sintaksis daarvan as betekenisdeterminant. Hier dien Sandig (1971:15) se uitspraak genoem te word, waarin sy haar oor die wese van die kop, gebonde aan sy sintaktiese tipologie, uitspreek: "Es wird also hier nach dem Zusammenspiel von Form und Inhalt in der bestimmten Kommunikationssituation gefragt." Sy noem ook die tipografiese inperking van die bladuitleg as determinant: "Als Leseanreiz und Gliederungsmittel sind Schlagzeilen von den Zeitungsbeitragen durch eine grössere Schrift angehoben. Dadurch ist den Platz dafür beschränkt, was durch sprachliche Kürze ausgeglichen werden muss."

Uit 'n formeel-sintaktiese hoek sou onderskei kon word tussen die drie basiese sintipes, naamlik stelsinne, vraagsinne en bevelsinne.

Ponelis (1991:376 e.v.) sê onder andere oor stelsinne dat hulle "inligting oor stande van sake" meedeel, en dat "(n)et ware beskrywings van stande van sake kan deurgaen as inligting". Gevolglik, "(d)eur 'n stelling te gebruik, maak 'n spreker dus 'n onderneming dat wat in die stelling vervat is die waarheid is".

Sonder om statistiese data oor die verspreiding van koppe in stel-, bevel- en vraagsinkonstruksies na te gaan, wil dit tog met die eerste oogopslag voorkom asof die meerderheid koppe in die genoemde voorbeeldkorpus uit *Beeld* en *Rapport* in die een of ander vorm van 'n stelsin voorkom. Dit strook met die primêre doel van die kop om inligting feitelik en vinnig te konstateer vanaf die kopskrywer (spreker) na die kopleser (aangesprokene). Die hoofdoelwit van 'n kop is nie om inligting uit die aangesprokene te verkry (vraagsin) of om aan die aangesprokene 'n opdrag te gee waarin hy geen keuse gelaat word ten opsigte van die uitvoering van so 'n opdrag al dan nie (bevelsin).

As Ponelis se uitspraak en die primêre doelwit van die kop in ag geneem word, behoort die kop as taaluiting se sintaktiese struktuur dié van 'n stelsin (konstaterende taalhandeling) te wees, ten einde 'n geslaagde taalhandeling te wees.

In hierdie opsig is dit egter belangrik om te let op wat De Stadler (1989:331) opmerk oor 'n taaluiting: "Nie alle uitings is natuurlik onderliggend sinne nie. Uitings verskyn dikwels in die vorm van 'n frase, 'n elliptiese sin en in baie gevalle selfs 'n ongrammatikale

sin." Hy sê ook "die opsetlike oortreding van die taalreëls is dikwels funksioneel" (1989:332). In terme van die kop as taaluiting is bogemelde uitsprake uiters relevant, want die kop oorskry dikwels die sintaktiese reëls opsetlik of is daartoe gedetermineer deur eksterne faktore soos die tipografiese bladuitleg.

'n Goeie voorbeeld van 'n elliptiese sin wat as enkele uiting as 'n kop gebruik word, is byvoorbeeld

(24) E(eerste)klas (*MotorBeeld*, 4/4/96)

waar die volledige sin waarskynlik iets soos die volgende sou lees:

(25) (Die Mercedes-reeks is) E(eerste)klas.

Die sintaktiese vorm van die kop word feitlik deurgaans bepaal deur die tipografiese uitleg van die blad en die psigiese aktiwiteit, intensie en gesprekstategie van die spreker (kopskrywer). Alhoewel daar gewaak moet word teen sogenaamde "headlines" (Crystal, 1987:388; Arnold, 1969:93 en ander) - 'n tipe koptaal waarin "many of the less important words in a sentence" (Crystal, 1987:388) uitgelaat word ten einde 'n "very restricted range of sentence structures" (Crystal 1987 : 388) te gebruik - kristalliseer daar tog in Afrikaans, sowel as in ander Europese tale soos Engels, Duits en Nederlands, sekere algemene sintaktiese gebruike uit, wat nie nou hier bespreek kan word nie.

Volgens Botha (1991:25) beliggaam 'n vraagsin "'n appél om inligting op die aangesprokene" (vergelyk ook Ponelis, 1991:378). Aangesien die hoof funksie van die kop is om inligting oor te dra, spreek dit vanself dat bogemelde sintaktiese inkleding nie dikwels in die kop sal voorkom nie. Tog word daar somtyds van die vraagsinstruktuur gebruik gemaak, gewoonlik om die kopleser (aangesprokene) oor 'n saak te laat dink of 'n mening te laat vorm, soos in

(26) Gee WVK herstel? (*Beeld*, 23/3/96),

(27) Bedreigde spesie? (*Beeld*, 13/4/96)

en

(28) Quo vadis, herderlose Transvaal? (*Rapport*, 17/3/96).

'n Volledige vraagsin word byvoorbeeld gebruik om 'n rubriek (29) of 'n brief van 'n leser (30) te kop:

(29) Waar lê die brein se stophorlosie? (*Beeld*, 2/4/96)

(30) Hoe stop mens die groeiende soustrein n\ld? (*Beeld*, 10/4/96).



Wanneer 'n sin in die bevelstruktuur staan, sal die primêre betekenisdoelwit van so 'n sin wees om 'n instruksie vanaf die spreker na die aangesprokene oor te dra in 'n poging "om hom tot die een of ander optrede te beweeg" (Botha, 1991:25 na aanleiding van Ponelis, 1979:383). Aangesien 'n bevel gebruik word in 'n taalkommunikasiesituasie "wanneer 'n spreker gesag voer oor 'n aangesprokene en wanneer die aangesprokene geen keuse gelaat word of hy die opdrag nie uitvoer al dan nie" (Ponelis, 1991:383), sal die bevelsin as direkte taalhandeling in die meeste gevalle nie deug as kop nie. As voorbeeld kon slegs een kop waarin 'n bevel as deel van 'n stelsin vervat is, opgespoor word:

(31) Bly weg! sê bang Britte vir Johnson (*Beeld*, 14/6/96).

Daar word ten opsigte van sintaksis as betekenisdeterminant van die kop volstaan deur te sê dat die sintaktiese aspek van die koerantkop nie te skei is van die semantiese en pragmatiese nie, maar deurgaans as 'n duidelike betekenisdeterminant in die kop as taaluiting, binne die taalhandelingsproses optree weens die grammatikale struktuur wat dit daaraan gee.

Vervolgens is dit nodig om die konteks waarbinne die taaluiting in die taalhandelingsproses presenter kortliks as betekenisdeterminant te beskou.

## KONTEKS AS BETEKENISDETERMINANT

### Wat is konteks?

Die belangrikheid van konteks as betekenisdeterminant word deur Du Bois (soos aangehaal deur Botha, 1991:25), beklemtoon: "(A)ny adequate theory of meaning must include within it an effective treatment of the pragmatic anchoring of utterances, that is, of their connection to context."

Botha (1991:25) praat van konteks as "n heg verweefde stel faktore," wat uit die aard van die saak almal as betekenisdeterminante van die taaluiting sal optree. Hy verwys ook na die intuitiewe basis waarop "verskillende moontlike betekeniswaardes" van 'n taaluiting deur die spreker en aangesprokene onderskei kan word op grond van "'n versweë" kennis van die konteks van sodanige taaluiting (vergeelyk ook Lyons, 1983:570).

Omdat die nuusblad beriggee oor die mens en sy gebeure in sy leefwêreld (die mens-in-"konteks") word daar so 'n intuitiewe kennis van konteks by beide spreker en aangesprokene veronderstel; 'n feit wat koppe van die volgende tipe kan regverdig:

(32) Halala Josaya! Hy bring goud (*Beeld*, 7/8/96)

Vir die nie-Suid-Afrikaner sal die woord “halala” absoluut niks beteken nie, maar die Suid-Afrikaner weet dit is 'n lofprysende groet in Zulu.

En

(33 ) Mandela vs. Mandela (*Beeld*, 13/3/96 )

Die “versweë” kennis van konteks by beide spreker en aangesprokene is dié van die titel van 'n film wat 'n aantal jare gelede wêreldwyd vertoon is, naamlik “Kramer vs Kramer”.

Vir die kopskrywer is sy informasiebron 'n kontekstuele veranderlike; tog is hy verplig om hom te hou by die onveranderbare feitelike gegewe in die berig en die kernboodskap daarvan weer te gee sonder “oversimplification” of “bending” (Hodgson, 1987:137).

Daar behoort dus, objektief gesproke, geen sprake te wees van “oordeelkundige manipulasie van bepaalde kontekste” (Botha, 1991:125) en 'n gevolglike mediabeïnvloeding op die aangesprokene nie. Die “pre-theoretical notion” van die taaluitingskonteks waarvan Lyons (1983: 572) melding maak, sal ook egter altyd binne die gespreksuniversum 'n rol speel in die skryf van koppe en sal as sodanig as betekenisdeterminant optree.

Konteks sal telkemale bepalend wees vir 'n betrokke sin se betekeniswaarde, selfs al sou die bepaalde sintaktiese vorm dit anders wou (byvoorbeeld 'n vraagsin wat 'n stelling beliggaam, soos in die kop hieronder):

(34) Vergewe en vergeet? (*Beeld*, 7/9/96)

Botha (1991:25) stel dit só : “In verskillende kontekste vergestalt verskillende sinstipes 'n komplekse verskeidenheid verwante (en somtyds nie-verwante) betekeniswaardes.”

### **Pragmatiese konteks**

As betekenisdeterminant moet daar vir 'n wyle stilgestaan word by die pragmatiese konteks van 'n taaluiting. Volgens Botha (1991:26) omvat pragmatiese konteks onder andere fisiese, psigiese, sosiale en kulturele omstandighede. Binne pragmatiese konteks praat Botha (1990:103) van die taaluitingskonteks en Hurford & Heasley (1983:68-69) van “the context of an utterance”: “The context of an utterance ('taaluitingskonteks' - Botha, 1990:103) is a small subpart of the universe of discourse ('gespreksuniversum' - Botha, 1990:103) shared by speaker and hearer, and includes facts about the topic of the conversation ('taaluitingsituasie' - Botha, 1990:103) in which the utterance occurs, and also facts about the situation in which the conversation itself takes place.”


Onmiddellik na dié uitspraak kwalifiseer hulle dit deur daarop te wys dat die presiese konteks van 'n taaluiting nooit met volle sekerheid bepaal kan word nie omdat so 'n konteks baie "flexible" is. Hulle beklemtoon ook die feit dat "... facts about times and places very distant from the time and place of the utterance itself can be part of the context of that utterance, if the topic of conversation happens to be these distant times and places".

Laasgenoemde uitspraak van hulle is natuurlik van die allergrootste belang ten opsigte van die kop: dit is die primêre kommunikatiewe doelwit van die kop om as inligtinggewende taalhandeling kort en kragtig essensiële en feitlike informasie aangaande gebeure enige plek in die universum weer te gee. Die kop as taaluiting vind nie noodwendig plaas in die onmiddellike omgewing en nooit op dieselfde tyd as die gebeure self nie, byvoorbeeld

(35) Dis die einde ... (*Rapport 11/9/96*) oor Charles en Diana se huweliksontbinding.

Botha (1990:103) toon die "relatiewe posisie van die taaluitingskonteks" as volg aan, met insluiting van die spreker (S) en aangesprokene (A):

**FIGUUR 3**  
DIE TAALUITINGSKONTEKS



As daar na die kop as taaluiting gekyk word, is dit belangrik om te weet dat "(e)lke taaluiting ... op 'n bepaalde plek en op 'n bepaalde tyd plaas(vind)" (Botha, 1990:104 en Lyons, 1983:570). Botha sê ook: "(D)ie taaluiting bly egter deikties veranker binne 'n bepaalde situasie" en dui daarmee op die noue verweefdheid tussen deiksis en kontekstualiteit. Hy verklaar: "(D)eiksis is dié werktuig waardeur kontekstuele inligting by taal geïntegreer word, en kontekstualiteit 'is one of the central links between language, perception and cognition'" (Weissenborn & Klein, 1982:1). Laasgenoemde outeurs word ook deur hom aangehaal waar hulle beweer deiksis is "the domain par

excellence where language and reality meet" (Botha, 1990:103). Voorbeeld (35) dien ook hier en in die volgende drie paragrawe as illustrasie materiaal.

Indien ons vanuit hierdie hoek na die kop as taaluiting kyk, lyk dit of die kop deur tydruimtelike deiktiese verwysings deeglik en onlosmaaklik in die taaluitingskonteks en groter gespreksuniversum geanker is: die kop verteenwoordig daardie punt waar "language and reality meet," waar taal, persepsie en kognisie saamsmelt, waar die deiktiese koördinate van die spreker en aangesprokene kruis. As sodanig verteenwoordig die kop die "brandpunt" van die daaglikse nuusgebeure waarvoor daar in die nuusblad beriggegee word. Dit is dan verstaanbaar dat die kop moet bruis van energie/"dynamiek"/"actie"/"force"(vergelyk Sweep, 1992:3; Mc Giffert, 1972:234 en Hodgson, 1987:139).

Die spreker (kopskrywer) moet ten minste twee verskillende tyd-ruimtelike verwysingsisteme gelyktydig kan korreleer, naamlik die deiktiese sisteem "whose coordinates are created by the act of utterance itself" (Lyons, 1983:578) en 'n sisteem wat hy noem "a culture-specific system for referring to time and place that is lexicalized in the language he is speaking" (Lyons, 1983:578).

Dit is deur die verankering van beide spreker en aangesprokene aan 'n tyd-ruimtelike deiktiese, kultuur-sosiale, bepaalde psigiese situasie dat die pragmatiese konteks van 'n taaluiting tot stand kom (vergelyk De Stadler, 1989:334-339).

### **Spesifieke konteks - teks**

Dit lyk nie of teks en konteks van mekaar geskei kan word nie. Lyons (1981:195) haal in dié opsig vir J.R. Firth aan: "The basic assumption ... is that any text can be regarded as a constituent of a context of situation." Lyons (1981:195) beskou self ook teks en konteks as komplementêrend tot mekaar aangesien die een die ander vooronderstel, want "contexts are created, and continually transformed and refashioned, by the text that speakers and writers produce in particular situations".

Volgens Lyons (1981:200) impliseer die term "text" dat die individuele tekssinne, sinsfragmente en vaste lokusies geld as teks in relasie tot hulle taaluitingskonteks, "regardless of whether they are embedded in larger stretches of text or not". Hierdie uitspraak van hom regverdig dus dat 'n kop as teks beskou kan word.

Tog wys hy daarop dat die uiting van 'n sin altyd sy kontekstualisering insluit - daardie proses wat aan die produk van die taaluiting sowel kohesie as koherensie ten opsigte van sy konteks verleen. Die sinseenhede waaruit 'n teks bestaan, moet dus nie net spreek van oppervlakeskakeling (ten opsigte van die vorm) nie, maar ook van 'n dieperliggende, kognitiewe skakeling ten opsigte van die inhoud. In hierdie verband

kan weer gewys word op die vroeëre uitspraak van Sandig (1971:15) oor die kop: "Es wird also hier nach dem Zusammenspiel von Form und Inhalt in der bestimmten Kommunikationssituation gefragt."

Die effektiewe kop moet dan sekerlik kohesief sowel as koherent skakel met die daaropvolgende teks (berig): die inhoud van die kop moet koherent skakel met die kerninhoud van die teks, terwyl die kop kohesief as 'n tipe "sinsantedent" optree vir die "anaforiese verwysings" wat in die daaropvolgende teks behoort te volg. De Stadler (1989:406) reken: "Indien anaforiese verhoudings as 'n kontekstuele gegewe gesien word, is die anaforiese verhoudings binne 'n teks heel dikwels ingewikkelde netwerke van verwysings ...", en dan haal hy 'n koerantberig aan waarin hy al die koreferensiële naamwoordstukke in een van die anaforiese netwerke kursiveer. Hy bevestig daarna dat "tekste of gedeeltes van tekste" en "sinne" kan optree as antesedente. In voorbeeld (36) dui die kursiefgedrukte koreferensiële naamwoordstukke een van die anaforiese netwerke in die bepaalde teks aan, maar toon dit ook aan dat die kop optree as antesedent vir die teks wat volg:

(36) Vinnige Fanie se spruit ontkom na hy miërgif sluk (*Beeld*, datum onbekend):

KLEIN-FAAN DE VILLIERS, tweejarige seun van die Springbok-krieketspeler Fanie de Villiers, was tot gisteroggend aan 'n hartmasjien gekoppel nadat hy Saterdagoggend 'n mondvol "uiters dodelike miërgif" gesluk het.

Die gif is só dodelik dat dit nie ingesem moet word nie en selfs as 'n mens net jou vinger in die bottel druk en daaraan lek, kan dit gevaarlik wees.

Volgens De Villiers het Klein-Faan, soos almal in die gesin die outjie noem, Saterdagoggend aan die skreeu gegaan in die gesin se huis in Pretoria.

"Toe ons by hom kom, het die oop bottel miërgif by hom gestaan. Daar was minstens 'n goeie mondvol uit die bottel weg. Ek het dadelik ons dokter gebel en dié het opdrag gegee dat Klein-Faan onmiddellik in die hospitaal opgeneem moet word.

"By die hospitaal is sy magie gespoel en is hy tot gistermiddag dopgehou vir moontlike aantasting van sy niere of ander organe. Ek het aan my dokter genoem dat ek my vinger in die bottel gedruk en daaraan gelek het om te proe of dit só smaak dat 'n kind dit sal insluk. Dit proe glad nie sleg nie. Die gif is egter só gevaarlik dat ek toe ook sommer aangesê is om naby 'n telefoon te bly, net ingeval.

“Hoewel ons hom huis toe kon bring, was hy tot vanoggend aan 'n draagbare hartmasjien gekoppel sodat ons kan monitor of van sy organe nie aangetas is nie. Gelukkig was dit nie die geval nie.”

De Villiers is omgekrap oor die feit dat die bottel gif, “wat net soos 'n medisynebottel lyk,” geen kindbestande skroefdop het nie. “Ek kan nie begryp waarom die vervaardiger nie 'n beter skroefdop gebruik nie,” sê hy.

Die etiket op die bottel bevat wel waarskuwings dat dit giftig is, nie gedrink moet word nie en dat dit buite bereik van kinders gehou moet word, sê De Villiers.

Dus kan die kop as antesedent vir die teks wat volg, dien en kan die kop as taaluiting beskou word as teks.

Dus :

- Binne die taalhandelings- of kommunikasieproses tree konteks, as 'n hegverweefde stel faktore (insluitend 'n intuitiewe kennis van die versweë konteks deur sowel spreker as aangesprokene) betekenisdeterminerend ten opsigte van die kop as taalhandeling op. Die pragmatiese konteks van laasgenoemde omvat onder andere fisiese, psigiese, sosiale en kulturele omstandighede as kontekstuele veranderlikes en dus as betekenisdetermineerders.
- Die kop as taaluiting vind in die sentrum van die taaluitingsituasie, binne die taaluitingskonteks as 'n talige onderdeel van die gesprekuniversum (waarbinne baie buitetalige faktore ook 'n betekenisdeterminerende rol speel) plaas as spesifieke konteks, of teks (vergelyk figuur 3).

## **BETEKENISDETERMINANTE BINNE DIE KOMMUNIKASIEPROSES**

Uiteindelik is dit noodsaaklik vir die doeleinde van hierdie bespreking om, benewens 'n grammatikale betekenisdeterminant soos sintaksis en 'n pragmatiese betekenisdeterminant soos konteks, ten slotte te rig op die belangrikste betekenisdeterminante binne die kommunikasie- of taalhandelingsproses sigself. Per slot van rekening is die kop 'n taaluiting binne 'n baie spesifieke taalhandelingsproses, waartydens drie belangrike kommunikasiekomponente as betekenisdeterminante optree, naamlik die spreker, die taaluiting self en die aangesprokene. Op 'n vereenvoudige manier kan die taalkommunikasieproses (na aanleiding van Botha, 1991:25) as volg uitgebeeld word:

## FIGUUR 4 DIE TAALKOMMUNIKASIEPROSES



Die spreker (in die geval van die koerant die kopskrywer) is 'n uiters belangrike betekenis-determinant binne die taalkommunikasieproses, omdat hy die enkodeerder is van die boodskap/sein, die genereerder van die taaluiting as "‘n primêr verbale handeling" (Botha, 1991:25).

### PSIGIESE AKTIWITEIT

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die taaluiting voorafgegaan word deur 'n bepaalde psigiese aktiwiteit of ervaring van die spreker, wat hom deel maak van die kommunikasieproses, want volgens Spiegel (aangehaal deur Botha, 1991:25), is "(t)he message, in one sense, ... an extension of the sender".

### Sintetisering

'n Mens sou nou tereg kon vra in watter mate die kop 'n ekstensie van die kopskrywer as spreker is, aangesien die kopskrywer hoofsaaklik optree as oordraer van feitelike gebeure en die voorafgaande psigiese aktiwiteit dié van 'n logiese uitsorteer van feite ter wille van snelle en objektiewe beriggewing behoort te wees. Lyons (1983:583) impliseer dié psigiese aktiwiteit van die spreker deur hom verantwoordelik te hou vir "the selection of elements which make the utterance appropriate to his attitude towards ... what he is talking about." In dié verband beskou Hodgson (1987:137) die kopskrywer as 'n "synthesizer, filtering the material so that its essence is refined," maar waarsku dat die feite van die berig onaantasbaar is en nie verdraai of ooreenvoudig mag word nie. Akkuraatheid en helderheid ("accuracy" en "clarity") word deur die meeste outeurs, onder andere Gilmore & Root (1991:41), McGiffert (1972:243) en Hodgson (1987:138) heel vooropgestel in die skryf van 'n kop - om dit te bereik sal die kopskrywer, soos reeds gesê, genoodsaak word om voor die taaluitingshandeling die belangrikste feit(e) te sintetiseer deur middel van 'n psigiese aktiwiteit.

### Meerduidigheid

Ten spyte van die spreker (kopskrywer) se strewing na akkuraatheid en helderheid, gebeur dit tog soms dat dubbelsinnigheid/meerduidigheid - "ambiguity" - (McGiffert, 1972:247) insluip. Hurford en Heasley (1983:121) beskryf meerduidigheid só: "A word

or sentence is AMBIGUOUS when it has more than one sense. A sentence is ambiguous if it has two (or more) paraphrases which are not themselves paraphrases of each other." Bloot deur hierdie beskouing van meerduidigheid in ag te neem, kan verstaan word hoekom dit nie tuishoort in die kop nie: ter wille van korrekte oordrag van feitelikhede rondom gebeure behoort daar nie diskrepansie tussen die beoogde en werklike perlokusie van die taaluiting (hier: die kop) te wees nie. McGiffert (1972:247) waarsku die spreker in hierdie taalhandelingsproses (die kopskrywer) dat hy moontlik nie "a second meaning that is obvious to someone else" mag "hoor" nie, byvoorbeeld:

(37) Reserwebank is Joel se voorland (*Beeld*, 26/08/96)

Vir die gesoute rugbyleser sal reserwebank onmiddellik dui op die feit dat Joel Stransky aangewys is as een van die reserwes, terwyl die ander koplesers dadelik die finansiële instelling in gedagte kon gehad het,

en:

(38) 'Droogte' vir plakkers (*Beeld*, 5/3/96)

Met die eerste oogopslag sou die kopleser hierdie kop kon verstaan asof hier gesinspeel word op 'n figuurlik swaarkry, veral omdat die woord droogte tussen aanhalingstekens staan. Dit is egter eers wanneer 'n mens die berig lees, dat jy besef dit gaan hier letterlik om droogte.

Insgelyks waarsku Wainwright (1972:132-133): "avoid whimsical ambiguities," en "(T)he headline may easily degenerate into ambiguity ...". Gilmore & Root (1971:57) waarsku ook daarteen, maar wys tog daarop dat humor somtyds uit onverwagte dubbelsinnigheid kan voortvloei, byvoorbeeld:

(39) Nou is die duivel los op TV se 'agtertangse moffiedorp' (*Rapport*, 25/08/96)

Daar word op dubbelsinnige wyse geimpliseer dat dié dorp enersyds net vol moffies is en andersyds (soos dalk tipies van kinders se spreektaal) dat dit maar 'n goor plek is. In die eerste betekenisimplikasie visualiseer die kopleser (aangesprokene) die klomp homofiele wat mekaar toetakel - 'n humoristiese spektakel.

## INTENSIE EN GESPREKTRATEGIE

Elke spreker binne 'n taalhandelingsproses het 'n bepaalde intensie wat gerig word deur die bedoeling met dié taaluiting en wat geaktiveer word deur die voorafgaande psigiese aktiwiteit (vergelyk Botha, 1991:25). So vorm intensie een van die "hegte onderdele



van die konteks” al is dit nie “deel van die taalsisteem” (Botha, 1991:25) as sodanig nie. Sy intensie rig egter die spreker se gebruik van taal en tree sodoende as sneller vir sekere gesprekstategieë op. Botha (1991:25) haal Swanepoel se omskrywing van 'n gesprekstategie aan: “Wanneer 'n spreker 'n bepaalde doelstelling met een of meer uitings wil verseker, maak hy gebruik van 'n gesprekstategie. Deur middel van die strategie wil hy nie net verseker dat die hoorder sy intensie met die uiting(s) snap en sy boodskap reg interpreteer nie, maar wil hy ook verseker dat hy die gewenste reaksie ontlok.”

### “Clarity and impact”

Bogenoemde omskrywing raak die kop as taalhandeling direk: die kopskrywer se primêre intensie is om 'n akkurate, helder kernboodskap met impak na sy aangesprokene oor te dra, sonder die moontlikheid van misverstand en met die grootste moontlike inligtings- en begripsoordrag. Om hierdie doel te bereik, moet hy van 'n bepaalde gesprekstategie gebruik maak.

In dié verband praat onder andere Hodgson (1987:138) van “the demotic spoken tongue of a country” wat aansluit by die “simplicity” en “immediacy” van die taal in 'n kop - “language pared down to the bone, producing the maximum effect from the minimum of words ... (E)very word has to be carefully weighed and measured ... legality and factual accuracy considered”. Op hierdie wyse word die besondere koptaal 'n betekenisdeterminant binne die taalhandeling waarvan dit deel is en kan dit gesien word as 'n gesprekstategie wat as 'n bewustelike psigiese handeling ontstaan het en wat in die kop as taaluiting talig manifesteer (vergelyk Botha, 1991:25).

Botha (1991:25) wys verder daarop dat 'n enkele taaluiting, en selfs 'n enkele woord binne 'n taaluiting ... gesprekstategies aangewend (kan) word, byvoorbeeld

(40) Uiteindelik, Bokke! (*Rapport*, 01/09/96)

In hierdie voorbeeld is die taalgebruik uit die volksmond, “pared to the bone,” maksimaal effektief deur die minimum woorde, en tree “'n enkele woord” binne dié taaluiting (“Uiteindelik”) gesprekstategies op.

### Beïnvloeding

'n Baie belangrike faktor ten opsigte van kopskryf wat nie uit die oog verloor moet word nie, is die feit van mediabeïnvloeding. Dit kan algemeen aanvaar word dat, benewens die primêre kommunikatiewe doelwit van inligtinggewing, die kopskrywer (spreker) ook die aangesprokene subtiel en fyn wil beïnvloed of manipuleer (ten spyte

van ontkenning daarvan deur die media). Lyons (1983:207) wys op die geïmpliseerde betekenis van inligting in die taalhandelingsproses tussen spreker en aangesprokene, wat enersyds kan lei tot "misunderstanding and misinterpretation" en andersyds tot "the subtle manipulation of the hearer's opinion".

Onderstaande voorbeelde uit *Rapport* is klinkklare bewys daarvan:

(41) Korruptsie bring ons by die rand van afgrond (*Rapport*, 01/09/96)

Die werklike situasie is dalk glad nie so ernstig as wat die oënskynlike oordrywing die kopleser wil laat glo nie.

(42) 'Profeet' Paulse (*Rapport*, 01/09/96)

Daar word deur die spreker (kopskrywer) geïmpliseer dat Paulse 'n profeet is, wat (dalk) glad nie die waarheid is nie en waardeur die kopleser se persepsie gemanipuleer kan word.

### Woordkeuse

Die spreker (kopskrywer) oefen in sy gesprekstrategie 'n sekere woordkeuse uit waardeur die gesprekstrategie in die taaluiting grammatikaal gemanifesteer word met bepaalde semantiese gevolg. As sodanig is die woordkeuse in die kop ook betekenisdeterminerend. So kan Lyons (1983:581) dan sê: "There are medium dependent differences of grammar and vocabulary that have a bearing upon the situational appropriateness of particular utterances."

Die kopskrywer se woordgebruik mag "pun" - "It may twist a common phrase or aphorism. It may employ alliteration." (Gilmore & Root, 1971:53.)

Voorbeelde van sulke woordgebruik kom in onder andere die volgende koppe voor :

### Woordspeling

(43) Macmillan het ook dié 'winde' in sy eie huwelik gevoel (*Rapport*, 24/03/96)

"Twisting of a common phrase"

(44) Rökkies wou hy dra - met wit bloes en 'n kantbra (*Rapport*, 23/06/96)

## **Alliterasie en assonansie**

(45) Die sinistere staatsgetuie (*Rapport*, 17/03/96)

(46) Fopdosser is 'n blosnuwe neologisme (*Beeld*, 24/06/96)

Die kreatiewe kopskrywer kan selfs van simbole soos metafore gebruik maak om 'n kleurvolle kop daar te stel. Hodgson (1987:140) reken: "A metaphor or phrase that can sum up a complicated situation and signal it clearly to the reader is a subeditor's dream."

Onderstaande voorbeeld illustreer metafoorgebruik as kreatiewe kopskrywery:

(47) Welpies moet brul terugsit in Leeus (*Beeld*, 13/03/96)

Daar moet ten opsigte van woordkeuse vlugtig gewys word op sogenaamde "headlinese," die gebruik van clichés, waarteen deurgaans deur die joernalistieke outeurs gewaarsku word. (Vergelyk Gilmore & Root, 1991:57; Hodgson, 1984:117 en Mc Giffert, 1992:236).

Die probleem met clichés is dat hulle die krag/dinamiek van die kop as taaluiting terroriseer. 'n Voorbeeld van "headlinese" uit *Rapport* lyk so:


(48) Bekende gevangenes jol by Sun City, en speel tennis by klub (*Rapport*, 1/9/96)

Die woord jol is nie treffend nie, omdat dit, weens die cliché-agtigheid daarvan, reeds joernalistieke trefkrag verloor het.

Vervolgens word die onderlinge relasie tussen die taalhandelingskomponente en hulle relatiewe plasing in konteks gedetailleerd en diagrammaties in figuur 5 voorgestel (gebaseer op Botha, 1991:25 en Botha, 1990:103):

**FIGUUR 5**

ONDERLINGE RELASIE TUSSEN TAALHANDELINGSKOMPONENTE BINNE KONTEKSTUELE VERBAND

**DIE TAALUITING**

Die taaluiting moet as 'n handeling deur die spreker plaasvind, hetsy in gesproke vorm hetsy in geskrewe vorm. So 'n handeling staan bekend as 'n taalhandeling.

**DIE TAALHANDELING: DRIE FEITLIK-GELYKTYDIGE HANDELINGE**

Botha (1991:25,26) sowel as Lyons (1981:201) onderskei ten minste drie feitlik-gelyktydige handeling in die totstandkoming van 'n taalhandeling. Na aanleiding van Searle (1976:1-23) beskou Botha (1991:26) die drie handeling as volg:

“uitinghandeling: die uiting van morfeme, woorde en sinne;

proposisionele handeling: referensiële en predikatiewe uitdrukkings wat in die taaluiting voorkom;

illokusiehandeling: BEWERING, of VRAAG, of BEVEL, of BELOFTE, ensovoorts, wat as bedoeling van die betrokke taaluiting geld."


Aangesien die kop grootliks manifesteer as interpersoonlike kommunikasie, kan aanvaar word dat die inherente illokusiehandeling daarvan van die uiterste belang is.

### **DIE ILLOKUSIEHANDELING**

Dis belangrik om te onthou dat illokusies handeling is waardeur dinge gedoen word - "(S)aying is doing," volgens Lyons (1981:183), met ander woorde die gebruik van taal deur die spreker is onontbeerlik in die illokusiehandeling en vorm "as sodanig 'n belangrike deel van die betekenis van 'n taaluiting" (Botha, 1991:26). Aangesien die illokusiehandeling bepaalde kommunikatiewe of betekeniswaardes bevat, word dit in sigself 'n betekenisdeterminant binne die taaluiting.

Diagrammaties kan die moontlike betekeniswaardes van 'n taaluiting so voorgestel word (gebaseer op Botha, 1991:26):

**FIGUUR 6**  
MOONTLIKE BETEKENISWAARDES VAN DIE TAALUITING



### Kommunikatiewe doelwit/intensie

Die aard van die illokusiehandeling op 'n spesifieke "oomblik van segging" (Botha, 1991:26) word bepaal deur die intensie of kommunikatiewe doelwit van die spreker op

daardie tydstip, 'n baie belangrike feit om te onthou. Laasgenoemde rig die illokutiewe krag, 'n inherente komponent van die illokusie, sodat die kommunikatiewe doelwit of intensie van die spreker gerealiseer kan word en die taaluiting sodoende sy bepaalde bedoeling kan bereik.

Botha (1991:26) onderskei op grond van Hurford & Heasley (1983:259) tussen direkte en indirekte illokusie, waar eersgenoemde 'n "literal reading" van die grammatikale vorm en woordeskaf van die uitinghandeling verteenwoordig en laasgenoemde "any further illocution the utterance may have".

In die lig van bogemelde beskouing kan die intensie of kommunikatiewe doelwit van die spreker ook as 'n betekenisdeterminant in die taalhandelingsproses beskou word.

### **Illokusiemerkers**

In die hele taalhandelingsproses tree die taaluiting as "middelpuntvlietende taalhandelingskrag" (Botha, 1991:26) op: dit is die sentrifugale as waarom die totale kommunikasie- of taalhandelingsproses draai. In hierdie opsig kristalliseer die illokusiehandeling (met inagneming van die pragmatiese konteks en sekere gesprekskonvensies) as die primêre element van die taaluiting uit.

Indien hierdie kenmerk van die illokusie op die kop getransponeer sou word, sou die kop as die "middelpuntvlietende taalhandelingsmoment" van die beriggewingshandeling beskou kon word.

Dit mag egter nodig wees dat sekere illokusiemerkers, op grond van hulle illokusiepotensiaal, ten opsigte van die illokusiehandeling en die bedoeling daarmee, gebruik moet word. Hier word gedink aan "(a)spekte soos woordorde, nadruk, intonasie, pousering, die wyse van die werkwoord en die eksplisiete/implisiete gebruik van die werkwoord" (Botha, 1991:26). Sodanige illokusiemerkers kan aanvullend of bepalend gebruik word, in welke geval hulle as betekenisdeterminante van die illokusiehandeling sal optree.

In onderstaande koppe is die pouserings duidelike illokusiemerkers:

- (49) Daar's liefde in die lug, ja, maar Mandela trou nog nie (*Beeld*, 2/9/96)
- (50) Houtstok is aan ... is af ... is weer aan (*Beeld*, 2/9/96)

### **Getrouheidsvoorwaardes**

Ten einde 'n geslaagde illokusiehandeling te wees, moet daar aan sekere getrouheids-

voorwaardes voldoen word. Getrouheidsvoorwaardes verwys na aspekte van die taaluiting wat nie sigbaar op die grammatikale vlak daarvan manifesteer nie, maar eerder op 'n onsigbare vlak as onuitgesproke reëls wat geld in die taagebruiksituasie (Botha, 1991:26 na aanleiding van Traugott & Pratt). Laasgenoemde outeurs verwys na getrouheidsvoorwaardes as "appropriateness conditions". Botha (1991:26) verwys ook na Pretorius se onderskeiding van getrouheidsvoorwaardes in "inhoudelike voorwaardes, voorbereidende voorwaardes, opregtheidsvoorwaardes en essensiële voorwaardes". De Stadler (1989:451 e.v) praat van "toepaslikheidsvoorwaardes" en onderskei ook tussen bogenoemde voorwaardes (vergelyk ook Lyons, 1983:733).

Vir die kop om 'n geslaagde taalhandeling te wees, moet daar aan sekere getrouheidsvoorwaardes voldoen word, byvoorbeeld dat die spreker (kopskrywer) die gesag sal hê om te spreek en die aangesprokene (kopleser) bogenoemde sodanige gesag sal aanvaar. Twee belangrike gespreksreëls van Grice, naamlik relevansie en waarheid, is ook van die uiterste belang in die geslaagdheid van die kop as taalhandeling. In dié sin tree die getrouheidsvoorwaardes as taalhandelingsdeterminante op.

### **Sistematiesering van illokusiehandelinge**

Botha (1991:26) wys daarop dat daar haperinge in Austin, Frazer, Searle en selfs Edmondson se klassifikasie van illokusiehandelinge voorkom. Hy beroep hom op die meer tradisionele klassifikasie van Traugott & Pratt (1980:229):

"Illokusies 'gerig' op die psigiese beïnvloeding van die aangesprokene":

Hieronder onderskei Botha stellingshandelinge, ekspressiewe handelinge en evalueringshandelinge.

Op grond van sy beskouing van stellingshandelinge (handelinge gerig daarop om die aangesprokene se kennis te beïnvloed) en sy onderverdeling in bewerings, konstaterings, beskrywings, ensovoorts, kan met reg aanvaar word dat die kop in die taalkommunikasieproses primêr as stellingshandeling sal presenteer.

Ekspressiewe handelinge (wat die spreker se houding ten opsigte van 'n bepaalde toedrag van sake weerspieël) en evalueringshandelinge (wat die spreker se beoordeling van 'n besondere situasie of entiteit teen die agtergrond van 'n bepaalde skaal uitdruk (vergelyk Botha, 1991:26) sal in die meeste gevalle nie deug as koppe nie, aangesien die objektiwiteit en neutraliteit van die kopskrywer (spreker) daardeur in gedrang gebring sal word.

Uitsonderings is koppe soos die volgende:



- (51) Baie geluk, Penny! (*Beeld*, datum onbekend)  
(52) Welkom terug, Olimpiese atlete! (*Beeld*, datum onbekend)

“Illokusies ‘daarop gerig’ om die aangesprokene iets te laat doen”:

Die sogenaamde direkte, byvoorbeeld vrae, bevele, suggesties en dies meer is in die meeste gevalle om vanselfsprekende redes onaanvaarbaar as koppe.

Illokusies wat tot stand kom op grond van die spreker se besondere gesagsposisie, of wat die spreker (kontraktueel) verbind ten opsigte van die handeling: Onder hierdie afdeling word gesagshandelinge, soos regulasies, en verbintenishandelinge, soos kontrakte, gekategoriseer wat uit die aard van die saak nie as koppe gebruik kan word nie.

Volgens uitsprake van sekere voorste linguïste oor die taaluiting bly die illokusie-handeling dus die mees inherente kernaspek daarvan te wees.

In die laaste plek moet daar kortliks aan die derde belangrike komponent in die taalhandelingsproses, die aangesprokene, aandag gegee word.

## **DIE AANGESPROKENE**

Die aangesprokene (hoorder) verteenwoordig die derde onontbeerlike komponent in die kommunikasieproses: hy is die dekodeerder van die boodskap/sein. As sodanig vind daar ook by die aangesprokene 'n psigiese aktiwiteit plaas. Weens die feit dat die aard van die aangesprokene 'n invloed kan hê op die spreker (sy intensie, gesprekstategieë) en selfs op die daaropvolgende taaluiting, maar belangriker, weens die uitwerking wat die taaluiting op hom het, kan die aangesprokene ook as 'n betekenisdeterminant binne die taalhandelingsproses beskou word.

## **DIE UITWERKING VAN DIE TAALUITING OP DIE AANGESPROKENE : PERLOKUSIE**

Hurford & Heasley (1983:243) skryf : “The PERLOCUTIONARY ACT (or just simply the PERLOCUTION) carried out by a speaker making an utterance is the act of causing a certain effect on the hearer” en kwalifiseer dan sogenaamde effek as “a change to be brought about”.

Botha (1991:26) sê, in aansluiting hierby: “(D)ie uitwerking wat die taaluiting op die aangesprokene het, dit wil sê ten opsigte van sy toekomstige gedrag, geloof, houding, kennis, ensovoorts, word die perlokusie genoem.”

In hierdie opsig onderskryf Botha ook Lyons (1983:731) se uitspraak oor perlokusie, naamlik: "By perlocutionary effect is meant its effect upon the beliefs, attitudes or behaviour of the addressee and in certain cases, its consequential effect upon some state-of-affairs within the control of the addressee."

Só kan 'n kop soos onderstaande byvoorbeeld moontlik die aangesprokene (kopleser) se toekomstige kennis oor, houding van en gedrag jeens mnr. Tappe Henning, nasionale rugbyskeidsregter grootliks bepaal:

(45) Tappe Henning en Natal klop Goue Leeus (*Beeld*, 17/6/96)

Saam met Lyons (1983:731,733) en Botha (1991:26) is dit nodig dat daar onderskei word tussen beoogde ("intended") en werklike ("actual") perlokusie.

### **Beoogde en werklike perlokusie**

Vir eers moet daar 'n onderskeid getref word tussen beoogde en werklike perlokusie en wat Austin geïdentifiseer het as "illocutionary uptake" - die erkenning deur die aangesprokene dat 'n spesifieke taaluiting wel plaasgeving het. Hierdie erkenning is 'n noodsaaklike, maar nie-voldoende, voorwaarde vir die suksesvolle kognisie van die taaluiting deur die aangesprokene (vergelyk Lyons, 1983:731). Tog kan die kognisie van die taaluiting nie gelykgestel word aan die bedoelde en werklike perlokusie daarvan nie.

Voordat die aangesprokene die bedoeling van die taaluiting kan verstaan, "moet hy die spreker se intensie daarmee herken" (Botha, 1991:26). In die meerderheid van gevalle behoort die spreker se intensie met die taaluiting saam te val met die bedoelde perlokusie (soos beslis in die geval van die kop), tensy die spreker "opsetlik vaag is" en "gesprekstrategies die moontlikheid skep van 'n meerduidige illokusie" (Botha, 1991:26), 'n situasie wat nie wenslik is in objektiewe koerantberigging nie.

Hieruit kan ons aflei dat suksesvolle kommunikasie tussen spreker en aangesprokene slegs kan plaasvind indien beoogde en werklike perlokusie saamval, 'n feit wat ten opsigte van die kop as kommunikasiehandeling veral waar is.

'n Kop soos die volgende (56) is baie meer suksesvol ten opsigte van betekenisoordrag en kognisie omdat die beoogde en werklike perlokusie saamval, as byvoorbeeld die een in (57) waar die sintaktiese ongelukkige konstruksie vehoed dat die bedoelde en werklike perlokusie saamval. Kognisie word hiedeur grootliks benadeel, wat veroorsaak dat (57) nie 'n geslaagde kop is nie:

Die aangesprokene is dus ook 'n betekenisdeterminant in die kommunikasieproses in die mate waarin die taaluiting op hom 'n uitwerking het; in watter mate die beoogde en werklike perlokusie saamval.

## **GEVOLGTREKKING OOR BETEKENISDETERMINANTE BINNE DIE KOMMUNIKASIEPROSES**

Binne die taalhandelings-/kommunikasieproses sigself tree die drie belangrikste komponente daarvan (spreker, taaluiting, aangesprokene) as betekenisdeterminante op: die spreker, omdat hy die enkodeerder van die boodskap/sein is en die taaluiting rig op grond van voorafgaande psigiese aktiwiteit, intensie met die taaluiting en bepaalde taalgebruik en gesprekstrategieë; die taaluiting as taalhandeling, op grond van sy aard as uitingshandeling, proposisionele handeling en illokusiehandeling, en die aangesprokene, omdat hy die dekodeerder van die boodskap/sein is en onderworpe is aan 'n bepaalde uitwerking of perlokusie wat die taaluiting op hom het.

## **SAMEVATTING**

Die kop as taalhandeling presenteer sigself as die talige "brandpunt" in die kommunikatiewe interaksie tussen die gespreksgenote spreker (kopskrywer) en aangesprokene (kopleser). As sodanig is dit aan verskeie betekenisdeterminante onderwerp:

- (sigbare) sintaktiese veranderlikes op die grammatikale vlak;
- situasiegebonde, veranderlike kontekstualiteit binne 'n groter gespreksuniversum;
- inherente eienskappe en komponente binne die taalkommunikasieproses.

As informasiebron het die kop as taaluiting die multidimensionele werklikheid van die universum waaroor dit talig beriggee: die mens-en-entiteit-in-konteks, in beïnvloeding van mekaar.

As afleidingsinstrument kan die taalhandelingsteorie tydens die redigeringsproses op gesistematiseerde wyse deur die kopskrywer gebruik word om die intensie en bedoeling van sy koppe te toets ten einde maksimale kognisie en perlokusie deur die aangesprokene (kopleser) te verseker. (In hierdie opsig kan die instrument ook by die spreker [kopskrywer] kommunikatiewe vaardighede en taalkreatiwiteit slyp.)

Deur die taalhandelingsapparaat analities aan te wend, kan die kopskrywer verseker dat hy die kopleser in 'n versnelde proses informeer en, joernalistiek oneties soos dit mag wees, manipuleer.

## BIBLIOGRAFIE

---

- ARNOLD, C. 1969. *Modern Newspaper Design*. New York : Harper&Row.
- BOTHA, E.A. 1995. 'n Joernalistieke studie van die kunsresensie met die klem op Afrosentriese teaterressensies. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit. (Verhandeling - M.A.)
- BOTHA, W.J. 1990. Deiktiese tydsverwysing. *Acta Academica*, 22(3):102-115.
- BOTHA, W.J. 1991. Taalhandelingsdeterminante in die onderrig. *S.A. Tydskrif vir Taalkunde*, 9(1):24-29.
- BOTHA, W.J. 1996. Semantiek. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit. (Studiegids.)
- CRYSTAL, D. 1987. *The Cambridge Encyclopaedia of Language*. Cambridge : Cambridge University.
- DE KLERK, W.J. 1981. *Inleiding tot die Semantiek*. Pretoria : Butterworth.
- DE STADLER, L.G. 1989. *Afrikaanse Semantiek*. Johannesburg : Southern.
- DU BOIS, J.W. 1987. Meaning without intention: Lessons from divination. *Papers in Pragmatics*, 1(2):80-122
- GILMORE, G. & ROOT, R. 1971. *Modern newspaper editing*. Berkeley : Glendessary.
- HODGSON, G.W. 1987. *Subediting: a handbook of modern newspaper editing*. Oxford : Focal.
- HURFORD, J.R & HEASLEY, B. 1983. *Semantics: a coursebook*. Cambridge : Cambridge University.
- LYONS, J. 1981. *Semantics 2*. Cambridge : Cambridge University.
- MCGIFFERT, R.C. 1972. *The art of editing the news*. Philadelphia : Chilton.
- PONELIS, G.A. 1991. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria : Van Schaik.
- SANDIG, B. 1971. Syntaktische Typologie der Schlagzeile: Mlichkeiten and Grenzen der Sprach'konomie im Zeitungsdeutsch. Berlin : Max Hueber.
- SEARLE, J.R. 1976. A classification of illocutionary acts. *Language in Society*, 5(1):1-23.
- SWANEPOEL, L.M. 1986. Oor gesprekstrategieë in Afrikaans. *S.A. Tydskrif vir Taalkunde*, 4(3):84-99.
- SWEEP, G. 1992. Kernachtige krantekoppen en dinamiese naamwoorde. *Onze Taal*, (1)3-5.
- TRAUGOTT, E.C. & PRATT, M.L. 1980. *Linguistics for students of literature*. New York : Harcourt Brace Jovanovich.
- WAINWRIGHT, D. 1972. *Journalism made simple*. London : W.H. Allen & Company.